Uitsonderlike sport-eer vir drie US werknemers

Earl Hendrikse, Morné Daniels en André Gabriels het die afgelope ruk in drie van die land se voorste sportsoorte, t.w. krieket, sokker en rugby, hulle stem dik gemaak. En alles dui daarop dis vir elk van hulle net die begin van veel groter dinge.

Hendrikse het in Julie vanjaar sy buiging as internasionale krieketskeidsregter gemaak toe hy deur die Internasionale Krieketraad aangewys is om die wedstryd tussen Uganda en Kenia te hanteer. Dié ondervinding, sê hy, sien hy as die eerste stap boontoe.

"My ideaal is om eendag tussen lande soos Australië en Engeland die wit jas te dra."

Hendrikse het reeds in 'n kort tyd heelwat sukses behaal. Hoewel hy so onlangs soos 1999 die eerste keer as skeidsregter in die Boland begin diens doen het, is hy die vier seisoene daarna as dié unie se top-skeidsregter aangewys. Na afloop daarvan is hy in die paneel van die SA Verenigde Krieketraad – waar SA se top 20 skeidsregters verteenwoordig is – opgeneem. Hy het toe 'n uitmuntende seisoen beleef en 'n gemiddelde persentasie van 98,8% behaal – soos beoordeel deur spanne ná wedstryde.

Hendrikse, wat in diens van die US Drukkery is, het ook as speler uitgeblink en was o.m. drie jaar kaptein van die Boland Kavalierspan wat in 1996 die SA plattelandse trofee verower het.

Daniels is reeds 'n nasionale sokkerskeidsregter van formaat en word gereeld op televisie gesien as fluitjieblaser in groot wedstryde. Hy het in 2002 al 'n skeidsregter in die Premier Sokkerliga (PSL) geword en in dieselfde jaar die fluitjie in die kragmeting tussen Kaizer Chiefs en Bushbucks hanteer. In 1999 het hy in die o.17 Coca Cola nasionale kriekettoernooi geblaas en is as skeidsregter van die toernooi aangewys. Daarna het hoër louere – die PSL – gevolg en sy optrede as 'n voortreflike skeidsregter in dié liga het aan hom landswye bekendheid besorg.

Daniels is uiters bedrywig in die gemeenskap en bied gereeld werkswinkels aan vir plaaslike afrigters in samewerking met die Stellenbosch Sokkervereniging

Hy is beskeie oor wat hy al in sokker vermag het. "My groot deurbraak sal wees wanneer ek aangewys word om 'n internasionale kragmeting te hanteer. Dit sal 'n enorme dag in my lewe wees."

Daniels ken teleurstelling. Hy was as 18-jarige 'n uitmuntende sokkerspeler, maar 'n ernstige kniebesering het 'n belowende loopbaan kortgenip. Hy is ook gek na muurbal en lees elke dag soveel koerante hy kan. Hy werk by die Buro vir Ekonomiese Ondersoek.

Gabriels het vanjaar diens gedoen as skakelbeampte van die WP Rugbyvoetbalunie vir die Super 12-spanne soos die Highlanders, die Hurricanes en die Bulls en vir die toerspanne van Ierland en Wallis Hy het hom deeglik van sy taak gekwyt en sal gevolglik aanstaande jaar soortgelyke diens lewer t.o.v. die Super 12, ook wanneer internasionale spanne soos Frankryk hier toer en in die Drie Nasies reeks.

Foto: Anton Jordaan

André Gabriels, Earl Hendrikse en Morné Daniels

André, wat ook by die US Drukkery werk, het reeds baie van die internasionale spelers goed leer ken en onder meer 'n vriendskap met die All Black-kaptein, Tana Umanga, wat ook die Hurricanes aangevoer het, gesmee. "Hy is 'n besonderse mens - wat 'n sportman, wat 'n leier! Ek het vir hom die hoogste agting en sien uit om hom weer te sien."

André het onlangs sy SA-rugbydas en -trui vir diens as skakelbeampte ontvang.

Vyf Springbokke het bande met Maties

Vyf van vanjaar se Springbokke het bande met Maties as óf oudstudente óf as spelers wat by die Matie-klub geregistreer is. Hulle is (vlnr) Schalk Burger, wat ook aangewys is as die ABSA SA Rugbyspeler van die Jaar 2004; Gaffie du Toit, Breyton Paulse, Jean de Villiers en Neil de Kock. Met die ter perse gaan van *Matieland* was Burger, Du Toit, Paulse en De Villiers deel van die span wat in die Britse Eilande gaan toer het.

Foto's: www.TouchlinePhoto.com